higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4

(5050114)

8 Maart 2018 (Vraestel Y)
13:00–16:00

Hierdie vraeestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

ncv

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Sosiale leerteorie	A	handel oor al die elemente in die leerder se omgewing wat hom/haar beïnvloed
1.1.2	Sosio-kulturele teorie		
1.1.3	Ekologiese teorie	B	ons konstrueer/bou ons eie inligting of ons eie realiteite
1.1.4	Rypwordingsteorie		
1.1.5	Kognitiewe teorie	C	kinders ontwikkel en verander as gevolg van hulle biologiese samestelling eerder as gevolg van omgewingsinvloede
		D	ons ontwikkel en leer soos wat ons ouer word en dit het niks met die omgewing te doen nie
		E	leer vind plaas deur waarneming en modellering
		F	die uitgangspunt dat sosiale en kulturele omstandighede van sentrale belang vir ontwikkeling is

(5 × 2) (10)

1.2 Beskryf hoe die sone van naaste ontwikkeling werk. (3)

1.3 Verduidelik die rol van leersteierwerk ('scaffolding') met betrekking tot die:

1.3.1 Onderwyser

1.3.2 Leerder

(2 × 3) (6)

1.4 Noem enige DRIE stelsels binne die ekologiese leerteorie. (3)

1.5 Verduidelik wat met *sosiale leer* bedoel word. (2)

Kopiereg voorbehou

1.6 Die teorie van sosiale leer bestaan uit *enaktiewe leer* (leer uit die gevolge van ons gedrag) en *bemiddelde ('vicarious') leer* (leer deur ander dop te hou).

Gee TWEE voorbeelde van elk van die volgende:

1.6.1 Enaktiewe leer

1.6.2 Bemiddelde ('vicarious') leer

(2 × 2) (4)

1.7 Kyk na die volgende uitbeeldings van leer deur waarneming:

Plaas die fotos in die korrekte volgorde waarin dit gebeur. Skryf slegs die letters (A–C) langs die vraagnommer (1.7.1–1.7.3) in die ANTWOORDBOEK neer.



[Bron: *www.holisticvanity.ac.za*]

A



[Bron: *www.amominredheels.com*]

B



[Bron: *www.blogspot.co.za*]

C

(3 × 2) (6)

1.8 Identifiseer die soort versterking wat in die volgende scenario's plaasvind. Skryf slegs 'positief' of 'negatief' langs die vraagnommer (1.8.1–1.8.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.8.1 Siyamthanda het baie goed gevaar in sy lewensoriënterings-eksamen en het 'n splinternuwe selfoon van sy ouers present gekry.

1.8.2 Laura hoef nie môre die speltoets te doen nie omdat sy volpunte vir die vorige twee toetse gekry het.

1.8.3 Lenni sing elke Sondag in die kerkkoor. Die gemeente is altyd beïndruk met sy goeie vertoning. Hy ontvang baie lof en glimlagte ná kerk.

(3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die doelwitteorie stel dat ons gemotiveer word deur die soorte doelwitte wat ons het.

2.1.2 Probleemoplossing hou in dat die individu kreatief is.

2.1.3 Leerders moenie toegelaat word om te ondersoek, te ontdek en te eksperimenteer nie want dit kan as gevaarlik beskou word.

2.1.4 Bemagtigingsmotivering is wanneer 'n persoon voel dat hy/sy beheer van 'n situasie kan neem en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

2.1.5 As onderwyser is dit nie belangrik om 'n leerder se sterk punte te identifiseer nie want dit is iets wat hulle self moet doen.

(5 × 1) (5)

2.2 Noem EEN aktiwiteit/taak wat 'n sesjarige moet kan doen in ooreenstemming met die volgende veelvuldige intelligensies:

2.2.1 Musikale intelligensie

2.2.2 Naturalistiese (ekologiese) intelligensie

2.2.3 Liggaamlik-kinestetiese intelligensie

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.3 Volgens die rypwordingsteorie gaan 'n kind deur verskillende mylpaal-ontwikkelingsfases regdeur sy/haar lewe.

Identifiseer enige mylpaal wat 'n kind op die volgende ouderdomme bereik:

2.3.1 Een jaar

2.3.2 Drie jaar

2.3.3 Vyf jaar

(3 × 2) (6)

2.4 Definieer die volgende terme wat verband hou met die verwagtingsteorie:

2.4.1 Verwagting

2.4.2 Instrumentaliteit

2.4.3 Valensie

(3 × 2) (6)

2.5 Watter soort motivering werk die beste vir jou?

2.5.1 Intrinsieke (innerlike) of ekstrinsieke (uiterlike) motivering (1)

2.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op Vraag 2.5.1. (2 × 2) (4)

2.6 Wat beteken die uitdrukking 'dink buite die boks'? (4)

2.7 Dit is belangrik om jou eie probleme in jou alledaagse bestaan te kan oplos.

Waarom dink jy is dit so? Staaf jou antwoord met VIER stellings.

(4 × 2) (8)

[40]

NSC

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Hoe meer idees jy het, hoe groter is die kanse dat jy 'n oplossing vir die probleem sal kry.

3.1.2 Volgens Maslow word mense se gedrag gemotiveer deur sekere behoeftes.

3.1.3 Fisiologiese behoeftes is emosionele behoeftes, soos liefde en toegeneentheid.

3.1.4 Stres en angs het geen invloed op probleemoplossing nie.

3.1.5 Die opinie wat mense oor hulleself het, staan bekend as selfbeeld.

3.1.6 Jy hoef nie jou vaardighede in gedagte te hou wanneer jy 'n beroepskeuse maak nie.

(6 × 1) (6)

3.2 Gee voorstelle van hoe 'n skool die leerders se motivering kan verbeter in terme van die verskillende vlakke van Maslow se hiërargie.

Noem die VYF vlakke en gee EEN voorbeeld van elke behoefte. (5 × 2) (10)

3.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Die studente by jou kollege het vanjaar gereeld gestaak. Jy het agter geraak met jou kurrikulum en jou studienotas en jy is angstig oor die opkomende September-eksamens.

3.3.1 Noem TWEE probleme. (2 × 2) (4)

3.3.2 Gee 'n moontlike oorsaak vir elk van die probleme wat jy in Vraag 3.3.1 genoem het. (2 × 2) (4)

3.3.3 Noem VIER praktiese dinge wat jy kan doen om minder angstig te voel oor die eksamen wat voorlê. (4 × 2) (8)

3.3.4 Gebruik die bostaande scenario as 'n riglyn en besluit op VIER struikelblokke wat moontlik kan opduik; gee 'n rede waarom elk van hierdie struikelblokke dit vir die studente kan bemoeilik om die probleme op te los. (4 × 2) (8)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord/item langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n dinkskrum; stappe; struikelblokke; nuuskierigheid; hardwerkende; evaluering; ruimheid van opvatting; ondersoek; feit; identifiseer; buigsaamheid

4.1.1 Die vermoë om vanuit verskillende hoeke na probleme te kyk, staan bekend as …

4.1.2 'n Individu wat aanhoudend werk en probeer om sy/haar lewe te verbeter, staan bekend as 'n … persoon.

4.1.3 Die behoefte om na antwoorde te soek en om interessante dinge te wil weet, word ... genoem.

4.1.4 Om probleme te verstaan en werkbare oplossings daarvoor te vind, is ... en kreatiwiteit dikwels nodig.

4.1.5 Daar is sekere … wat 'n mens moet volg om 'n probleem suksesvol te kan hanteer.

4.1.6 Gedurende probleemoplossing is dit belangrik om alle moontlike antwoorde te ...

4.1.7 Om die probleem te … is die eerste stap tot probleemoplossing.

4.1.8 Die versameling van alle moontlike idees, selfs dié wat onrealisties mag voorkom, staan bekend as …

4.1.9 Die … van 'n probleem is om vas te stel hoe goed iets gewerk het, of dit volgens plan verloop het en wat volgende keer beter/anders gedoen kan word.

4.1.10 Tydens probleemoplossing kan 'n mens dalk verskeie .... teëkom. (10 × 1) (10)

4.2 Noem en verduidelik VYF faktore wat beroepskeuses beïnvloed. (5 × 2) (10)

4.3 Wat is die verskil tussen 'n *vertikale (opwaartse) loopbaantrajek* en 'n *horisontale (sywaartse) loopbaantrajek*? (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.4 Dui aan hoe die volgende loopbaantrajekte kan ontvou en gee 'n goeie voorbeeld van elk.

4.4.1 Vertikaal (opwaarts)

4.4.2 Horisontaal (sywaarts)

(2 × 2) (4)

4.5 Kyk na die uitbeelding hier onder van Tsepho op pad na sy eerste onderhoud:



4.5.1 Identifiseer DRIE voorwerpe wat Tsepho nie behoort te dra nie. (3 × 2) (6)

4.5.2 As 'n vriend van Tsepho, gee DRIE voorstelle van advies oor toepaslike kleredrag vir 'n werksonderhoud. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Die teorie dat gedrag gemotiveer word deur die verwagte of gewenste resultate/afloop staan bekend as die verwagtingsteorie.

5.1.2 Die term *optimisties* beteken om negatief te wees ten opsigte van alle lewensaspekte.

5.1.3 Verrykte leertake is nie veronderstel om 'n verskeidenheid leerstyle te pas nie.

5.1.4 Dit is belangrik om doelwitte te stel omdat dit help met kognitiewe ontwikkeling.

5.1.5 Om aan te hou om iets te probeer doen ten spyte van probleme staan bekend as deursettingsvermoë. (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.2 Noem DRIE faktore wat 'n invloed het op probleemoplossing. (3)

5.3 Noem DRIE eienskappe van kreatiewe probleemoplossers. (3)

5.4 Gee VIER kort voorbeelde van hoe klassieke kondisionering werk in situasies waar iemand gekondisioneer is om op 'n sekere manier te reageer. (4 × 2) (8)

5.5 Matthew is 'n 12-jarige seun was so pas sy eerste wiskundetoets van die jaar geslaag het. Hy het 95% vir sy toets behaal.

5.5.1 Moet Matthew positiewe of negatiewe versterking ontvang? Staaf jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.5.2 Stel EEN toepaslike soort versterking vir Matthew voor omdat hy sy wiskundetoets geslaag het. (2)

5.6 Die internet kan baie nuttig wees om werksgeleenthede te vind maar dit hou ook moontlike gevare in.

5.6.1 Noem TWEE voordele daarvan om werk op die internet te kry. (2 × 2) (4)

5.6.2 Noem TWEE nadele daarvan om werk op die internet te kry. (2 × 2) (4)

5.6.3 Noem DRIE ander plekke waar werksgeleenthede te vinde is. (3)

5.7 As 'n Vlak 4 student behoort jy aan jou toekoms te dink.

Gee EEN voorbeeld van elk van die volgende:

5.7.1 Jou huidige langtermyndoelwitte

5.7.2 Jou huidige korttermyndoelwitte

(2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou